

Grain SA Oggend Mark Kommentaar

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

	DATUM 2014/08/29	DATUM 2014/08/29		+ - WEEK GELEDE 2014/08/26		+ - MAAND GELEDE 2014/08/05		+ - JAAR GELEDE 2013/09/03	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
DJIA-indeks	17098	0.00	0.0%	17098	0%	17107	4%	16429	15%
Goud (Spot)	1281.86	-5.73	-0.4%	1287.59	0%	1284.05	-1%	1291.95	-9%
Brent \$/vat	102.77	-0.47	-0.5%	103.24	0%	102.74	-2%	104.90	-11%
1 €: ? US\$	1.3120	-0.001	0.0%	1.3126	0%	1.3163	-2%	1.3422	-1%
1 US\$: ? ZAR	10.70	0.040	0.4%	10.66	0%	10.67	-1%	10.76	4%
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 505.92	-1	0.0%	R 1 506.59	* CBOT Aug sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Aug 12:00 die vorige dag				
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 265.76	-2	0.0%	R 4 267.44	* CBOT Aug sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Aug 12:00 die vorige dag				
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 166.30	11	0.5%	R 2 155.26	* CBOT Aug sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Aug Wheat 12:00 die vorige dag				
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)									
Corn Sep 14	357.50	-1.50	-0.4%	359.00	0%	356.00	0%	356.25	-29%
Corn Dec 14	363.50	-1.25	-0.3%	364.75	0%	365.00	-1%	367.25	-29%
Corn Jul 15	391.25	-1.50	-0.4%	392.75	-1%	393.50	-1%	395.25	-26%
Soybean Sep 14	1085.00	-4.50	-0.4%	1089.50	1%	1075.50	0%	1081.50	-13%
Soybean Nov 14	1027.25	3.00	0.3%	1024.25	0%	1028.00	-4%	1065.75	-15%
Soybean May 15	1049.00	2.75	0.3%	1046.25	0%	1048.00	-4%	1089.00	-13%
Wheat Sep 14	551.00	0.75	0.1%	550.25	55%	356.00	0%	552.50	-18%
Wheat Dec 14	562.50	-1.00	-0.2%	563.50	54%	365.00	-2%	572.75	-17%
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand									
SORGHUM Sep 14	2360	0	0.0%	2360	-2%	2420	-4%	2470	#VALUE!
WMAZ SPOT	1682	-13	-0.8%	1695	-2%	1724	-2%	1725	-29%
WMAZ Dec 14	1744	-11	-0.6%	1755	-2%	1777	-3%	1802	-27%
WMAZ Jul 15	1851	-4	-0.2%	1855	-1%	1873	-2%	1890	-14%
YMAZ SPOT	1715	-18	-1.0%	1733	-4%	1783	-6%	1822	-22%
YMAZ Dec 14	1785	-7	-0.4%	1792	-3%	1842	-6%	1892	-20%
YMAZ Jul 15	1868	-2	-0.1%	1870	-1%	1895	-3%	1917	-12%
SOY50 SPOT	5300	-8	-0.2%	5308	1%	5240	1%	5270	-2%
SOY50 Dec 14	5420	0	0.0%	5420	1%	5356	1%	5393	NA
SUN SPOT	4243	-42	-1.0%	4285	1%	4190	-5%	4450	-19%
SUN Dec 14	4363	-47	-1.1%	4410	2%	4280	-6%	4630	-14%
WHEAT Spot 14	3750	39	1.1%	3711	1%	3705	2%	3666	7%
WHEAT Dec 14	3658	7	0.2%	3651	0%	3650	1%	3634	7%

MARK OMSTANDIGHEDE VOLGENS DIE JONGSTE MARKVERSLAE EN GRAAN SA INLIGTING

Buitemarkfaktore: Die Rand het sedert 12:00 gistermiddag met 0,2% tot R10.70 verswak. VSA mieliepryse het met 0,3% gedaal en verhandel teen \$3.57/skepel. VSA ouseisoen soja boonpryse vir September het met 0,5% gedaal terwyl pryse vir November met 0,3% gestyg het. Koringpryse het met 0,3% tot \$5.49/skepel gestyg. Gevolglik kan die uitvoerpariteitsprysvlak vir mielies met R1/ton daal en die invoerpariteitsprysvlak vir koring met R11/ton styg. Die pariteitsprysvlak vir sojabone kan ook met R12/ton daal.

Teen die huidige pryse breek sekere produsente se inkomste met koste gelyk. In die VSA gaan die groot mielie-oes binnekort gestroop word en VSA markontleders raai produsente in die land aan om hul ouseisoen voorraad eerder te verkoop as om dit vir later op te berg. Volgens die *Corn Growers Association* (CGA) breek produsente teen \$3.60/skepel gelyk met direkte koste en CBOT pryse is reeds laer as die vlak. In Brasilië verleen die regering subsidies om uitvoere na bestemmings waar Suid-Afrika ook geelmielies in die Ooste bemark, mee te ding. Die EU het 'n invoertarief op mielies ingestel om hul produsente teen die lae wêreldpryse te beskerm. Suid-Afrikaanse mielies is tussen \$7 tot \$12 / ton (R120/ton) te hoog vir die uitvoermark. Uitvoerprojeksies is vanaf 1,4 miljoen ton na 1,3 miljoen ton vir geelmielies afwaarts aangepas en die projeksie van 550 000 ton vir witmielie uitvoere mag selfs te hoog wees. Daarkant moontlik bykomende uitvoere van ongeveer 550 000 ton tussen Oktober en Desember realiseer indien Suid-Afrika mededingend sou kon wees. Die vraag en aanbod vir geelmielies breek gelyk terwyl die daar 'n surplus bo die pyplyn van nagenoeg 1 miljoen ton witmielies is. Dit sou onverantwoordelik wees om van produsente te verwag om mielies ter wille van uitvoere onder produksiekoste (R/ton) te verkoop. Die vloei van mielies word na die mark gerantsoeneer. Die gevolg is dat mieliepryse vir 'n langer periode onder prysdruk kan verkeer maar dat prysaanbiedinge vir die plaaslike uitvoer eook rantsoeneer. Mieliepryse verhandel nie teen uitvoerpariteit wat heelwat laer is nie. Hoe lank kan mieliepryse onder druk bly en sywaarts beweeg voordat pryse weer begin styg? Die huidige surplus bo die pyplyn van 1 miljoen ton is groot genoeg om tot en met die aanvang van die nuwe bemarkingsjaar (Mei 2015) pryse onder druk te hou. Die rekord 5,3 ton/ha opbrengs op nagenoeg 2,7 miljoen ha en 14,3 miljoen ton mielieproduksie is 'n buitengewone opbrengs en die waarskynlik daarvoor om weer te herhaal is nie onmoontlik nie maar klein. Weens die vorige jaar se uiters knap oordragvoorraad en onverwagte uitvoere na Zimbabwe is die surplus bo die pyplyn van 1 miljoen ton nie so groot nie. Die vraag en aanbod van mielies kan volgende jaar vinnig weer in balans wees sou een van die volgende gebeur. 1) Aanplantings moet 2,5 milj ha beloop in plaas van 2,7 milj ha OF die opbrengs moet daal vanaf 'n rekord 5,3 ton/ha tot 4,9 ton / ha. Vergelyk die opbrengs met die vorige drie jaar se opbrengs wat tussen 4,3 tot 4,5 ton/ha gewissel het dan is die waarskynlikheid dat die vraag en aanbod situasie volgende jaar vinnig kan herstel relatief groot.

Bronne: *Graan SA, SAGIS, OANDA, USDA, Fin24, JSE, CME, John Roach.*

Let asb die volgende:

Internasionale markverslae:

[USDA Crop Progress](#)

Plaaslike markverslae:

[Graan SA se vraag en aanbodprojeksies](#)

Vir meer inligting kontak: Wessel Lemmer at wessel@grainsa.co.za